# Noah's Ark Independent Primary School

| | |
|---|---|
| Subject: Afrikaans | Examiner: Smith, M |
| Type: Mid-Year Exam | Moderator: Teles, K |
| Date: 28 June 2021 | Grade: 6 |
| Marks: 80 Marks | Time: 2 hours |

Name:

**Instruksies:**

Lees die vrae aandagtig deur voordat jy begin skryf.

Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.

Skenk veral aandag aan spelling, taalfoute en sinskonstruksie.

Skryf netjies en leesbaar.

## Afdeling A : Lees en Kyk

David en Anna mag nie kougom kou nie. Hulle ma dink dit lyk baie lelik om kinders te sien kou met hulle wawydoop monde.

Een dag het iemand kougom vir David gegee. Hy het gewag totdat hy in die donker in die bed was, en toe die kougom in sy mond gesit. Dit het heerlik geproe! David het gekou en gekou in die donkerte, en vas aan die slaap geraak. Toe hy in die oggend opstaan, het David ontdek dat sy kougom gedurende die nag uit sy mond geval het, en nou in sy hare vassit! David was bevrees dat sy ma sou uitvind. By die skool het hy 'n verband om sy kop gesit en gemaak asof hy van sy fiets afgeval het. Maar hy kon nie die verband huistoe dra nie!

Sy suster het hom raad gegee. "Ek weet wat om te doen," het sy gesê." Sy neem toe grondboontjiebotter van haar toebroodjie en smeer dit oral oor die kougom in David se hare. Die kougom het maklik uitgeglip.

"Hoekom ruik jy dan na grondboontjiebotter?" het sy ma gevra toe hy by die huis aankom. David en Anna het net geglimlag.

1. Hoekom hou David se ma nie daarvan dat haar kinders kougom kou nie? (3)

_______________________________________________

_______________________________________________

2. Hoekom het David gewag totdat dit donker was voordat hy sy kougom gekou het? (3)

______________________________________________

______________________________________________

3. Wat het gebeur terwyl hy sy kougom gekou het? (3)

______________________________________________

______________________________________________

4. Hoe het hy die kougom weggesteek by die skool? (3)

______________________________________________

______________________________________________

5. Wie het hom gehelp? (1)

______________________________________________

6. Wat het Anna gedoen? (3)

______________________________________________

______________________________________________

7. Hoe dink jy het David gevoel toe sy kougom uit was? (2)

______________________________________________

______________________________________________

8. Vind 'n woord in die seesstuk wat beteken: baie bang. Dit begin met 'n 'b'. Skryf net die woord. (2)

______________________________________________

_____ / 20 Punte (Afdeling A)

## Afdeling B Taalstrukture en Konvensies

Vraag 1: Vervang die selfstandige naamwoorde met persoonlike naamwoorde. (5)

a. Ek jaag Pieter. Ek jaag ____________________.

b. Saeema help Fatima. _________________ help _________________.

c. Alfie doen huiswek. ________________ doen huiswerk.

d. Die kinders skreeu hard. _________________ skreeu hard.

Vraag 2: Lees die volgende sinne en sê of dit letterlik of figuurlik bedoel is. (5)

a. Hy kyk die kat eers goed uit die boom. (____________________)

b. Sy kat eet 'n vis. (_________________________)

c. Vader tyd stap aan, want 'n mens word elke dag ouer. (____________________)

d. Die aap sit op 'n tak. (_________________________)

e. Hy is skuldig, want hy het die aap uit die mou gelaat. (____________________)

Vraag 3: Benoem die onderstreepte bywoorde in die volgende sinne. (5)

a. Die seun loop stadig skool toe. (Bywoord van ___________________)

b. Die rower het onlangs ontsnap. (Bywoord van _____________)

c. Sandra kon nêrens haar bril vind nie. (Bywoord van _________)

d. Ons oefen gereeld krieket. (Bywoord van _________________)

e. Hier was 'n veldbrand. (Bywoord van ___________________)

Vraag 4: Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd deur die hulpwerkwoorde tussen hakkies gebruik. (5)

a. Ek (wil) nie nou slaap nie.

_______________________________________________________

b. Jy (moet) jou kos eet.

_______________________________________________________

c. Bogolo (sal) nie meer rook nie.

_______________________________________________________


d. Sy (wil) altyd die wenner wees.

_______________________________________________________


e. Ons (kan) 'n verskil maak.

_______________________________________________________


Vraag 5: Benoem die sort selfstandige naamwoord in elke prent. (5)



a ______________




b ______________



c ______________



d ______________



e ______________

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| soortnaam | eienaam | versamelnaam | massanaam | stofnaam |


_____ / 25 Punte (Afdeling B)

## Afdeling C Skryf en Aanbied

Bestudeer die prente en skryf definisies van die onderstande soorte besoedelinge en gee voorbeelde van elk. Onthou om formeel en saaklik te skryf.

Woordeskat

| | | |
|---|---|---|
| veroorsaak - causes | skade – damage | vernietig / destroy |
| omgewing – environment | osoon laag – ozone layer | gedurig - regularly |



Waterbesoedeling …

Geraasbesoedeling …

Omgewingsbesoedeling …

Lugbesoedeling …

Rubriek

| | | |
|---|---|---|
| Gee 'n voorbeeld van elke soort | 4 | |
| Informasie is formeel en feitelik | 2 | |
| Grammatika en spelling | 5 | |
| Maak gebruik van woordeskat | 4 | |
| Totaal | 15 | |

## Afdeling D: Luister en Praat

### Toe blaas die fluitjie

Rubriek

| | | |
|---|---|---|
| Hoorbaarheid | 5 | |
| Kan verskillend stemme beklemtoon | 5 | |
| Maak gebruik van leestekens | 5 | |
| Woorde korrek uitgespreek | 5 | |
| Totaal | 20 | |